

In Christus vir ewig geseënd

Die pad van die Godvresende man word teenoor die pad van die goddelose manne gestel. Die regverdige word deur die hele Psalm in die enkelvoud aangespreek, terwyl die goddelose in die meervoud aangespreek word. Nogtans word die regverdige nie met die goddelose manne meegesleur nie. Nee, hy *vermy* die raad(advies) van goddelose mense (1:1); *verlustig* hom in die wet van die HERE (1:2) en *dra vrug* in alle omstandighede (1:3). So 'n man word “welgeluksalig” genoem (1953-vertaling). Hy is waarlik geseënd en waarlik gelukkig. Daar is nie iets wat ons eers moet doen voordat ons hierdie seëninge kan verkry nie. God seën al sy kinders in Christus. Dit sluit mans en vrouens in. Hierdie seëning kan egter nie losgemaak word van dié volkome gehoorsaamheid van dié Godvresende Man Jesus Christus nie. Hy is vir ewig geseënd (2 Sam 7:29) en in Hom is ons geseënd (Ef 1:3).

Op grond van hierdie seëning gee Christus dit dat ons nie ingetrek word in die bose kringloop van goddeloosheid waarvan ons lees in vers 1 nie. Die wat in Christus geseënd is, kan die goddelose mense se raad *vermy* (1:1). Dit beteken nie dat ons ons mag afsonder van hierdie wêreld nie. Ons is *in* die wêreld, maar nie *van* die wêreld nie (Joh 17:14-16). Christus het saam met hoere en tollenaars geëet, maar Hy het nie hom deur hulle laat beïnvloed nie. Ons mag ook saam met hoere en tollenaars eet, maar ons mag nie soos hulle word of ons deur groepsdruk laat beïnvloed nie. Dit gebeur stapsgewys: eers **wandel** (loop) ons saam met goddelose, dan **staan** ons by hulle en later **sit** en spot ons saam met hulle (1:1).

Alhoewel die goddelose se mond groot is wanneer dinge met hulle goedgaan, raak hulle vinnig stil as dinge met hulle sleg gaan. Dan soek hulle dringend na hulp. Dan moet jy daar wees om hulle wat nie Here ken nie, by te staan. Jy moet hulle leer van die ewige seëninge in Christus wat ons in staat stel om in alle omstandighede vrug te dra (1:3). Anders as die goddelose staan die gelowige stewig in voorspoed en teëspoed. 'n Gelowige is immers soos 'n boom wat in dié Lewende Water ingeplant is en nie uitdroog wanneer dit warm word nie (Jer 17:7-8). Hul vind hulle vreugde in die HERE en hou aan om in voorspoed en in teëspoed uit die Lewende Fontein van die Woord te drink (1:2 en Joh 4:14). Die goddelose is hierteenoor soos 'n boom sonder water. Wanneer die son opkom, word hulle daardeur verskroei. Hulle word deur die wind weggewaai en uiteindelik tot niet gemaak in die oordeelsdag.

Wanneer ons beproef word, moet ons tot 'n getuienis vir die wêreld sterk staan. Dikwels gebeur die omgekeerde. Wanneer gelowiges beproef word, soek hulle die raad van die wêreld. My huwelik werk nie, daarom gaan ek skei. Ek kry nie genoeg geld by die werk nie, daarom gaan ek belasting ontduik ensovoorts. Nee, in beproewinge moet jou wortels juis dieper in die grond gestoot word. Luister nie na die raad van die goddelose mense nie. Dit sal vergaan. Luister na die raad van God. Luister jy na die raad van God met huisgodsdienste? Lees jy nog gereeld (apart van huisgodsdienste) jou Bybel? Oordink jy die Woord van die HERE dag en nag? (1:2). Wat sê Hy oor jou beproewing? Hoe diep is jou wortels in die lewende waterstrome ingeplant? Gaan jy eers begin soek vir water as die droogte begin? Dit mag dan te laat wees (Matt 25:10-13). Hou vas aan die seëninge van onse HERE Jesus Christus. In Hom is ons vir ewig geseënd, kan ons die raad van goddelose manne *verwerp*, ons wortels *voed* met sy Woord, en sodoende in alle beproewinge *staande* bly. Dank God vir die seëninge wat ons in Christus ontvang het!

Sing: Psalm 1:1-2